



Verwysing: 20210503-2644
Lêerno.: 13/1/1/2
Navrae: J Parbhoo

Kurrikulum- en assesseringsbestuursminuut: 0002/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofonderwyskundiges, Adjunkdirekteure, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Hoofde van opvoedkundige inrigtings wat leerders vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Onderwerp: Eksamenriglyne vir graad 12 in 2021

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) het op 30 April 2021 graad 12-eksamenriglyne vir 2021 van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) ontvang.
2. Die doel van die eksamenriglyne is om:
 - 2.1 Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in graad 12 se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamens vir die verskillende vakke geassesseer moet word; en
 - 2.2 Onderwysers te help om leerders voldoende vir die finale eksamens voor te berei.
3. Hierdie eksamenriglyne behandel nie enige diepgaande interne skoolgebaseerde assessering nie, maar konsentreer op graad 12 se finale eksterne eksamens.
4. Hierdie eksamenriglyne moet saam met die volgende dokumente gelees word:
 - 4.1 Die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) se Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir die verskillende vakke;
 - 4.2 Die Nasionale Protokol vir Assessering graad R-12;
 - 4.3 Die Nasionale Beleid met betrekking tot die Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12; en
 - 4.4 Graad 12 se Verkorte KABV-wysigings aan Afdeling 4 (Inwerkingstelling: Januarie 2021).
5. Die eksamenriglyne verskaf die gewig wat kognitiewe vlakke dra, die aard van 'n vraestel(le), en bied ook ondersteuning rakende inhoud vir graad 12. Dit is derhalwe belangrik vir onderwysers, asook alle graad 12-leerders.

6. Die eksamenriglyne verwoord assesseringsaspirasies en vervang nie die KABV-dokument nie, wat onderwysers moet gebruik om te onderrig om gehaltekurrikulumdekking te verseker.
7. Toegang tot die DBO se 2021-eksamenriglyne vir graad 12 kan deur die volgende skakel verkry word: <https://bit.ly/3e20YJj>, via die WKOD se e-Portaal of via die volgende VR-kode:



8. Prinsipale word vriendelik versoek om toe te sien dat hierdie eksamenriglyne vir 2021 aan alle onderwysers gegee word.

GETEKEN: H MAHOMED

WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2021-05-11